

16 MEI

SKRIFGEDEELTE: HEBREËRS 10:11-25
FOKUSGEDEELTE: HEBREËRS 10:23

Daar is hoop – ons Vader het ons alreeds vrygemaak

Waarom raak ons so gou moedeloos? Ons het deur die werking van die Heilige Gees die versekering van die vergewing van ons sondes (vs. 15, 17). Ons kan deur Jesus se kruisdood ongehinderd tot ons hemelse Vader nader (vs. 19). Ons hoef nie eers met 'n swaar gemoed rond te loop nie, want Jesus het ons skuldige gewetes gereinig (vs. 22). Dus is daar geen rede dat ons enigsins hoef bekommerd te wees oor vandag, môre of oormôre nie. In die geheel gesien, is die lewe vir ons as gelowiges 'n heerlike Godsbelewenis. Ons behoort, ten spyte van ons ellendes en krisisse, vol dankbaarheid deur hierdie dag te gaan, omdat ons weet dat Hy direk by ons elkeen betrokke is, en dat ons 'n oop en direkte toegang tot ons hemelse Vader het. Ja, ons moet hierdie nuwe pad na die ewige lewe (vs. 20), wat Jesus deur sy hemelvaart oopgebreek het, nie verbygaan nie, maar daarop uitdraai en daarop gaan. Met ons oë gevestig op Hom (vs. 12:3), moet ons met volharding bly hoop totdat ons by Hom is. Die opdraendes en kronkels in die pad maak nie saak nie, ons Drie-enige God is steeds besig met ons en gee aan ons vandag die versekering dat Hy ons sal begelei tot ons by Hom in die hemel gaan uitkom. Omdat niemand minder as God self aan u die pad wys nie, kan u op u beurt ook aan ander die pad wys, en hulle aanmoedig om saam te gaan. Gaan vol sekerheid en vreugde die dag in, want God gaan saam met u.

Sing: Psalm 1:1, 2

Ds Paul Geertsema (Pretoria-Brooklyn)